# VISI



CHATEAU'S EN SJAMPANJE

MARITA V.D. VYVER SKRYF UIT FRANKRYK

60 BLADSYE VAKANSIEDEKOR

+ DEK FEESTAFELS

SAPPI PICA-PRYS:

SA SE BESTE ONTWERP- EN DEKORTYDSKRIF

# SPRING IN!


02011

9 771029 874002

SA R34,95 ANDER LANDE R30,65 BELASTING UITGESLUIT

www.visi.co.za

# DIE BESTE VAN TWEE WÊRELDE

**HOOG TEEN DIE SKOUER VAN LEEUKOP HOU 'N MODERN KLASSIEKE WONING DIE EEN OOG OP DIE SEE EN DIE ANDER OP 'N BERGRESERVAAT.**

FOTO'S: RYNO WOORDE: LES AUPIAIS PRODUKSIE: SUMIEN BRINK
ASSISTENT: ETIENNE HANEKOM ENGLISH TEXT P. 182 – 188


CENTURY





DIE OORSPRONKLIKE HUIS HET HALF DIKBEK OP SY STEIL ERF GEHURK, NORS EN

VORIGE DUBBELBLAD: Kontras tussen deursigtig en swaar in die leefvertrek. Die ligte organza-gordyne en donker satyngordyne is deur The Best Blind Company gemaak. DIÉ DUBBELBLAD: Bree stoepe loop langs die breedte van die boonste verdieping. Die houtwerkbekleding is geverf in seeskakerings en staan in teenstelling met die warm oker van die getinte, gepleisterde mure en teels in kwartsietsandsteen wat grof gelaat is sodat 'n mens nie daarop gly nie.


ONBEWUS VAN SY ASEMROWENDE OMGEWING





Die hoofslaapkamer met sy berg- en see-uitsigte is permanent deurdrenk van lig. Die neutrale palet van winterwit en room kry tekstuur en kleur met ryk sy-oorgooidekens uit Indië en die Ooste. LINKS: Elke badkamer het glasmosaïek. In die hoofbadkamer hier skep dit 'n koel kontras met die gekurfde beukehoutpanele wat lei na die ruim aantrekkamer.

## DIT MOES 'N GESINSHUIS WEES, ALLERMINS 'N ONAANTASBARE STYLALTAAR



Die dubbelvolume-ateljee met sy tonnelgewelf word vir werk én kuier gebruik. In die galery bo is 'n afgesonderde studeerkamer en onder loop 'n deur uit op 'n klein meditasievertrek met pragtige see-uitsigte. LINKS: In die voorgrond eggo lila en salie die gedempte skakerings van die "glitter-stone"-vloere wat binne glad geslyp is. Japannees-geïnspireerde skuifdeure lei na die oopplankombuis. Anderkant die hoërliggende eetkamer is die gesinskamer wat afgeskerm word deur dubbele pienk beukehoutdeure.







jy in die eetarea staan, strek 'n buitengewone gesig voor jou uit wat geleidelik afdaal deur 'n leefarea na die breë stoep en die Atlantiese Oseaan daarbuite. Dit is meesterlik ontwerp om jou oog deur die huis te lok sonder dat jy bewus is van mure en geraamde glas.

In 'n ander onafhanklike area is die "ateljee", maar dit klink na 'n te saaklike beskrywing vir so 'n pragtig ontwerpte, ruim vertrek. 'n Moderne skuur sou nader aan die waarheid wees. Hier kry jy die gevoel van 'n Bisantynse kapel – sonder die goud of oordadige filigraanwerk. Op galeryvlak daarbo is 'n private studeerkamer wat oor die hele lengte van die vertrek strek; op grondvlak is dit 'n intieme en private ruimte wat vir stilte en meditasie ontwerp is.

Op die vlak bo die eetkamer is die slaapkamers. Dis 'n oulike trilogie van kinderruimtes wat deur Japannese skerms verdeel word en elk is 'n fantastiese uitdrukking van kleur en versinsel. In teenstelling hiermee is die hoofslaapkamer strak en gesofistikeerd in winterwit en pienk beukehout. Organza vee liggies teen die glas en effens versteekte konsertina-papierblindings hou die somerlig buite. Dit is die "boeg" van die huis, 'n dek wat 'n oog hou op die berg en die see. Dit is die eienaars se gunsteling-vertrek.

Teen dié agtergrond van vertrekke vol lig in subtiele en natuurlike kleure het die eienaars 'n neutrale doek waarop hulle volgens hul eie smaak kan skilder. Dit vra na helder spatsels kleur – cerise en doforanje, ryk pers en seegroen. Of subtieler mauve en leiklip, staal en woudgroen. Hulle het nog nie besluit nie... en verander heel moontlik die kleur soos die bui hulle pak.

Dis 'n huis wat gemaak is vir kuier, maar waar onverwagse ruimtes eilande van kalmte bied. **V**

• Jane Visser & Mark Thomas Architects, tel. (021) 423-3241.

## Mark Thomas en Jane Visser praat:

Die argitekte Mark Thomas en Jane Visser het al pryse gewen vir geboue soos die SA Sterrewag by Sutherland, 'n sportsentrum en private huise. Hulle is bekend vir hul werk wat nommerpas is vir die SA konteks in materiale wat ontwerp is om goed te verouder.

**SLIMSTE ONTWERPELEMENT?**

MT: Die balau-houttrap tussen binne en buite – 'n Japannese aanslag wat vir altyd sal hou.

JV: Skuifskerms wat 'n mens toelaat om ruimtes na behoefte te verander.

**MOEILIKSTE NUUS WAT AAN DIE KLIËNT OORGEDRA MOES WORD?**

MT: Dat die bestaande huis gesloop moes word en ons van voor af sou moes begin.

JV: Dat die huis eerder noord moes front as in die rigting van die see-uitsig, die wind en die verblindende middagson.

**GUNSTELING-MATERIALE WAT HIER GEBRUIK IS?**

MT: Die plaaslike sandsteen. Dit het van die uitgrawings op die erf gekom.

JV: Die glinsterende sandsteenvloere en die getinte pleister.

**AS JULLE VAN VOORAF KON BEGIN...**

MT: Ek sou harder gedruk het vir die binnehof buite wat 'n wonderlike buitevertrek sou wees, maar wat weggelaat is.

JV: Ek sou niks verander nie.

**VAN BO HEEL LINKS:** Die kombuis vorm die middelpunt van die huis en kan met houtskerms van die res van die huis afgesluit word. Die tema van hout, dowwe staal en sandsteen word hier deurgedra. Die kombuistoonbank met sy koringblomblou al bombo-kroegstoele van ID Solutions skakel die eetkamer en kombuis met mekaar en maak onthaal maklik. Netjies versteek in die sitkamer is dié muureenheid wat ook bêreplek bied vir wyn. Dit is deur Design Factory ontwerp.